

12

ONS IS OOK APOSTOLIES, KATOLIEK EN CHARISMATIES

Kerkebegrippe wat belangrik is

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet woorde wat gebruik word om ander kerke mee te definieer, is ook eie aan ons Kerk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die een, heilige, algemene kerk het nie grense nie.
- in die volksmond praat ons van ander kerke as charismaties (want hulle plaas klem op geestesgawes), apostolies (deel van 'n Pinkstergroep) en katoliek (die Rooms-Katolieke Kerk).
- Ons kerke uit die Gereformeerde tradisie dra ook hierdie kentekens.
- Christus is die hoof van die kerk.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hulle ook deel van die Kerk oor die hele wêreld is.

Vaardigheid

Die kinders gaan vind uit in watter opsigte ons van byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsending (AGS) of Volle Evangelie-kerk of Pinksterkerke verskil, en skryf dit neer.

MEER INLIGTING (Gesang 260)

Lees vir jou eie kennisname Gesang 260: 1 tot 11.

- Kyk veral weer na vers 6 oor die Heilige Gees. Ons Kerk word soms daarvan beskuldig dat ons die Heilige Gees en die gawes en vrugte van die Heilige Gees verwaarloos. Dit is 'n valse beskuldiging, want ons gee aan die Heilige Gees dieselfde aandag, as deel van die Drie-eenheid, as aan die Vader en die Seun. Wat ons wel doen, is om nie aan die gawes van die Heilige Gees wat in die Bybel self min klem kry, oormatig klem te gee nie

(byvoorbeeld die spreek in tale en gebedsgenesing). Ons Kerk is ook *charismaties*. Die Griekse woord *charisma* word met *gawe* vertaal. *Charismaties* beteken dus dat iemand met *gawes* toegerus is. As ons dus sê dat ons *charismaties* is, beteken dit dat ons die *gawes* van die Heilige Gees ontvang het en dit gebruik in die gemeente. Ons kan nie anders as om Geesvervuld te leef nie. Die voorwaarde is egter dat alles ordelik en gepas moet geskied, soos 1 Korintiërs 14 dit mooi uitspel.

- Kyk weer na vers 7 oor die kerk. Die woorde dat ons glo dat die kerk *heilig* is, beteken dat ons afgesonder is vir God se diens, dat ons God se kerk is, en sy liefdeswerk moet doen. Ook sing ons daar dat die kerk *Christelik* is. Dit beteken Christus het net so 'n belangrike rol as die Vader en die Heilige Gees. Die kerk is ook algemeen, sing ons, en 'n ander woord vir algemeen is *katoliek*, wat beteken universeel en omvattend.
- Die woorde *hartlik deel ons dit* beteken dat ons die *gawes* wat ons van God ontvang met ander, met die wêreld, gaan deel as *gestuurdes* van die Here. En dit is wat *apostolies* beteken. Die woord *apostolies* kom van die Griekse woord *apostolos* wat boodskapper of gestuurde beteken. Ons deel die evangelie met mekaar en met die wêreld omdat ons gestuurdes is.

Ons is dus ook *charismaties*, want ons gebruik die *gawes* van die Heilige Gees in belang van ander, ook *apostolies*, want ons deel die *gawes* van die Gees ook uit as *gestuurdes*, en ook *katoliek*, want ons is algemeen saam met alle ander gelowiges besig met God se werk.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 260: 11 as gebed.

*Ewig, onbegryplik' Wese,
U die Vader, Seun en Gees,
Heer, leer my U ken al beter,
u gehoorsaam kind te wees.
Ons wil sing van al u liefde;
in u waarheid wil ons juig.
Amen! Blye evangelie!
Amen, bly my hart getuig! Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Daar is sekere kenmerke van die kerk van Christus op aarde wat *gemeenskaplik* aan almal is. Om woorde vir sommige kerke of kerkgroepe te gebruik, beteken nie dat ons eie Kerk nie ook daardie eienskappe het nie. Ons is ook *apostolies* (*uitgestuurdes*), *katoliek* (*algemeen*) en *charismaties* (*Geesvervuld*).

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor as jy dit deeglik onder die knie het.

IETS BELANGRIK

Lees 1 Korintiërs 12: 12 tot 13: 1, en kyk hoe die kerk vergelyk word met 'n liggaam, met verskillende ledemate. Elkeen van ons is so 'n *ledemaat* in die Liggaam van Christus, die kerk. Wys daarop dat die een ledemaat in ons liggame altyd die ander een nodig het. Vra wat sou gebeur as die hand nie vir die mond kos wou gee nie, die oog nie vir die voet wou kyk waar om te trap nie, ensovoorts. So is ons ook afhanklik van mekaar.

Die kinders leer die volgende feite:

- Ons almal beskik oor een of meer gawes van die Heilige Gees.
- Mense se spiritualiteite verskil van mekaar, so ook kerke se manier van aanbidding.
- Ons word uitgestuur om die evangelie te gaan verkondig.
- Ons mag die werk van die Heilige Gees nie onderskat nie.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die regte blokkie kies in hulle boeke. Help hulle uiteindelik met regte antwoorde.

1. Ons gee aan die Heilige Gees aandag as aan die Vader en die Seun.

minder	meer	dieselfde
--------	------	-----------

2. Die gawes van die Heilige Gees wat in die Bybel nie groot klem kry nie, soos, kry by ons ook nie groot klem nie.

spreek in tale	liefde	preek
----------------	--------	-------

3. As ons sê dat ons *charismaties* is, beteken dit dat ons

allerhande snaakse dinge doen	gawes van die Heilige Gees het	hande opsteek en getuig
-------------------------------	--------------------------------	-------------------------

4. Die woorde dat ons glo dat die kerk *heilig* is, beteken dat ons

nie sonde het nie	beter as ander mense is	afgesonder is vir God se diens
-------------------	-------------------------	--------------------------------

5. As ons sing die kerk is algemeen of *katoliek*, beteken dit

ons is Rooms-Katolieke	ons is omvattend, oral betrokke	ons is 'n sekte
------------------------	---------------------------------	-----------------

6. As ons sê ons is *apostolies*, beteken dit ons

doen wonderwerke	behoort aan 'n snaakse kerk	word gestuur na die wêreld
------------------	-----------------------------	----------------------------

BY DIE HUIS

LEER

Onthou die volgende:

- Ons is ook *charismaties*, want ons gebruik die gawes van die Heilige Gees in belang van ander.
- Ons is ook *apostolies*, want ons deel die vrugte of gawes van die Gees uit as gestuurdes.
- Ons is ook *katoliek*, want ons is algemeen saam met alle ander gelowiges besig met God se werk.

AFSLUITING

Sing of lees die woorde van Gesang 260: 7, en let op die vetgedrukte woorde.

*Ek glo God se kerk is **heilig**,
Christelik en **algemeen**;
in geloof en hoop en liefde
aan Hom toegewy soos één.
Hy is Hoof en ons die lede
wat Hy roep, versterk, bewaar.
Hartlik deel, met dank en vreugde,
ons sy **gawes** met mekaar.*

Sluit af met gebed.